



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

US BIBLIOTEEKDIENS

2005 JAARVERSLAG



US Biblioteekdiens, Privaatsak X5036, Stellenbosch 7599, Suid-Afrika
Tel.: +27 (0)21 808 4876 Faks: +27 (0)21 808 4633 Web: <http://www.sun.ac.za/library>

INHOUD

1	INLEIDING	4
2	BESTUUR VAN VOORRAAD	5
2.1	Besteding	5
2.1.1	Strategie vir die Millennium: oorskakeling na die elektroniese inligtingsomgewing	5
2.1.2	Fondsverdeling	5
2.1.3	Materiaalbegroting	5
2.2	Voorraadboubeleid	6
2.3	Ontwikkeling van die voorraad	6
2.3.1	Groei van die voorraad	6
2.3.2	Toegang tot elektroniese materiaal	7
2.3.3	Ontsluiting van bronne	7
2.3.4	Verskuiwing van die Bosboubiblioteek	8
2.4	Benutting van die voorraad	8
2.4.1	Databasisse	8
2.4.2	Tradisionele media	9
2.4.3	Interlenings	10
3.	KLIËNTEDIENSTE	11
3.1	Bronverskaffing	11
3.1.1	Selfuitreikeenheid	11
3.1.2	Besitskontrole met betrekking tot interleningaanvrae	11
3.1.3	Reserwe: Dekkende outeursreglisensie tussen die Universiteit en DALRO	11
3.1.4	Aanpassing van uitleenvoorregte	12
3.2	Inligtingverskaffing	12
3.2.1	Inligtingtingsgeletterdheid	12
3.2.2	Opleiding	13
3.2.3	Ask a Librarian (QuestionPoint)	17
3.2.4	Skakeling	17
3.2.5	Vakgidse	17
3.2.6	Studentebystandsdiens	18
3.2.7	Dienste vir afstandstudente	18
3.3	INFOBANK	19
4.	SPESIALE VERSAMELINGS	19
4.1	JS Gericke Biblioteek	19
4.2	Musiekbiblioteek	20
5.	INFORMASIE-TEGNOLOGIE	21
5.1	Netwerk	21
5.2	Aleph-biblioteekbestuurstelsel	22
5.3	" <i>Institutional repository</i> "	22
5.4	EZProxy vir buite-kampus toegang na elektroniese bronne	23
5.5	Elektroniese tesisse en dissertasies (ETD)-projek	23
5.6	Fasiliteite	23
5.7	Aanwending van oopbronprogrammatuur	23
5.8	Digitalisering inisiatiewe	24
5.9	LOCKSS-SA argiveringsprojek	24
5.10	Koordlose netwerk	24
6.	STRATEGIESE AANGELEENTHEDE	25
6.1	Herstruktureringbeleid	25
6.2	Oorgang na elektroniese inligtingsbronne	25
6.3	Toedelingsmeganisme vir die verdeling van die begroting vir biblioteekbronne	25
6.4	Gehalteversekeringsoudit	25

6.5	Vorraadontwikkelingsbeleid	26
6.6	Uitbreiding van rekenaaropleidingsfasiliteite	26
7.	GEHALTEVERSEKERING	26
7.1	Selfevaluering en die ontwikkeling van 'n gehalteversekeringstelsel	26
7.2	LibQual meningsopname	27
7.3	Higher Education Quality Committee (HEQC) oudit	28
8.	BEPLANNING EN BEMARKING	29
9.	MENSLIKE HULPBRONNE	29
9.1	Herstrukturering	29
9.2	Personeelomset	30
9.3	Nuwe aanstellings	30
9.4	Spesiale erkenning	31
9.5	Personeelontwikkeling	31
9.6	Prestasie-evaluering	33
9.7	Diversiteit	33
10.	SIMPOSIUM	33
11.	NASIONALE EN INTERNASIONALE SAMEWERKING	34
11.1	Sabinet	34
11.2	Cape Library Consortium (CALICO)	34
11.2.1	CALICO Circulation Working Group (CCWG)	34
11.2.2	CALICO-koerierdiens	34
11.2.3	<i>Wedersydse toegangs-/uitleenooreenkoms</i>	34
11.2.4	CALICO Acquisitions and Serials (CAS)	35
11.2.5	eCALICO	35
11.2.6	C-Cats	35
11.3	CHELSEA (Committee for Higher Education Librarians of South Africa)	35
11.4	COSALC (Coalition of South African Library Consortia)	
12.	BIBLIOTEEKKOMITEE	36
13.	DOELWITTE: 2006	36
14.	DANKBETUIGINGS	37

TABELLE

Tabel 1: Wisselkoers van buitelandse geldeenhede	6
Tabel 2: Gemiddelde boekpryse, volumes aangekoop, bedrae aan boeke bestee	6

GRAFIEKE

Grafiek 1: Benutting van databasisse 2004-2005	8
Grafiek 2: Totale aantal uitreikings 2000-2005	9
Grafiek 3: Totale interlenings 2000-2005	10
Grafiek 4: Groepsopleiding: Persentasie studente opgelei	13
Grafiek 5: Individuele opleiding	14
Grafiek 6: Aantal opgelei volgens tipe kliënt	15
Grafiek 7: Totale aantal afstandstudente 2003-2005	18
Grafiek 8: Totale aantal aktiewe afstandstudente teenoor geregistreerde afstandstudente (BAS & ITO) 2003-2005	18

AANHANGSELS

Aanhangsel A: Aanvullende tabelle

INLEIDING

Gedurende die 2005 verslagjaar het die Biblioteekdiens weer voor groot uitdagings te staan gekom wat beduidende eise aan biblioteekpersoneel gestel het. Dié uitdagings is grotendeels suksesvol te bowe gekom en nuwe inisiatiewe het weer eens tot stand gekom wat die groeiende, dinamiese aard van die inligtingsomgewing waarin ons ons bevind, weerspieël.

Van die belangrikste sake wat in die 2005 verslag uitgelig kan word, is:

- Die herstruktureringprojek word aan die einde van 2005 afgehandel met 'n besparing van meer as R3,5 miljoen op die begroting vir menslike hulpbronne vir die periode 2004-2006.
- Die "Strategie vir die Millennium: oorskakeling na die elektroniese inligtingsomgewing" lewer verdere positiewe resultate om die oorskakeling van papier- na elektroniese formaat te bewerkstellig. 'n Besparing van ongeveer R190 419-84 word in die verband teweeggebring.
- Die eerste toepassing van die toedelingsmeganisme vir die verdeling van die kapitaalbegroting wat in 2004 ontwikkel is, lewer verskeie praktiese probleme op.
- 'n Nuwe evalueringsinstrument word ontwikkel om die gehalte van die versameling te verseker.
- Toegang tot elektroniese materiaal neem beduidend toe en gebruikstatistiek van databasisse styg met 20%.
- Die uitreiking van tradisionele materiaal, insluitende Reserwe-materiaal asook interlening-transaksies neem verder af in vergelyking met die vorige jaar.
- 'n Projek met betrekking tot die inrigting van 'n "*Knowledge Centre*" by die JS Gericke Biblioteek word tot stand gebring.
- 'n Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) word by die Musiekbiblioteek in die Konservatorium vir Musiek gevestig.
- 'n Onderzoek word geloods na die aanwending van Dspace programmatuur vir die ontwikkeling van 'n "*institutional repository*".
- 'n Projek word geloods om die lewensvatbaarheid van die gebruik van die DSpace "institutional repository" stelsel vir die ontwikkeling van 'n elektroniese tesis- en dissertasiesdatabasis te ondersoek.
- Die gehalteversekeringsoudit van die Universiteit deur die Higher Education Quality Committee (HEQC) vind gedurende Oktobermaand plaas.
- Die suksesvolle simposiumreeks van die Biblioteekdiens word in 2005 voortgesit met die agtste jaarlikse simposium, getiteld "*People first: How user centered are our libraries?*"

2. BESTUUR VAN DIE VOORRAAD

2.1 Besteding

2.1.1 "Strategie vir die Millennium: oorskakeling na die elektroniese inligtingsomgewing"

Die jaarlikse projekte gekoppel aan die "Strategie vir die Millennium: oorskakeling na die elektroniese inligtingsomgewing" lewer steeds positiewe resultate om die oorskakeling van papier- na elektroniese formaat te bewerkstellig. Gedurende 2005 is 47 subskripsies vir papierformaat tydskriftitels met die elektroniese formaat vervang waar laasgenoemde goedkoper was. Dit het 'n besparing van R54 965-25 ten opsigte van enkel papier- en elektroniese tydskrifsubskripsies teweeggebring.

'n Verdere besparing van R135 454-59 ten opsigte van enkel papier- en elektroniese tydskrifsubskripsies is deur die projek teweeggebring deur die uitskakeling van 31 tydskriftitels wat in databasisse gedupliseer word en die kansellering van 54 tydskriftitels waaraan departemente lae rangordes (4, 5) toegeken het.

Die artikel-op-aanvraag projek, wat van stapel gestuur is om akademiese personeel tegemoet te kom ten opsigte van die besnoeiings van die "Strategie vir die Millennium: oorskakeling na die elektroniese inligtingsomgewing" is in 2005 voortgesit. Geen artikels uit sowel gekanselleerde tydskriftitels as tydskriftitels waarop 'n moratorium is, is egter aangevra nie.

2.1.2 Fondsverdeling

Die eerste toepassing van die toedelingsmeganisme vir die verdeling van die kapitaalbegroting wat in 2004 ontwikkel is, het in 2005 verskeie praktiese probleme opgelewer. 'n Aantal van die probleme, soos aansienlike tekorte in fakulteite se boekbegrotings, is met 'n tussentydse maatreël reggestel. Daar is egter gedurende 2005 'n omvattende probleemlys met betrekking tot die praktiese toepassing van die toedelingsmeganisme saamgestel. Die aanpassing van die stelsel voor die begrotingsproses vir 2007 is 'n strategiese prioriteit vir die Biblioteekdiens.

In die algemeen het dit geblyk dat dekane die groter beheer en insae in die toedeling van die kapitaalbegroting gunstig ervaar het.

2.1.3 Materiaalbegroting

'n Relatief positiewe wisselkoers (Tabel 1) en 'n voortgesette bewese behoefte by departemente aan boeke as inligtingsbronne het die gevolg gehad dat 10 393 volumes teen 'n totale bedrag van R 4 626

060 aangekoop is. Die gemiddelde aankoopprys per volume was R445-11. In geheel het die aantal volumes wat aangekoop is 'n styging van 15% getoon in vergelyking met die vorige jaar (Tabel 2).

Tabel 1: Wisselkoers van buitelandse geldeenhe

	GBP	USD	EURO
2000	10.53	6.95	6.64
2001	11.76	8.28	7.19
2002	15.95	10.24	10.18
2003	12.47	7.64	8.73
2004	12.05	6.56	8.18
2005	11.98	6.81	8.25

2.2 Voorraadboubeleid

Daar is in 2005 'n nuwe evalueringinstrument ontwikkel om die gehalte van die versameling te verseker nadat die Biblioteekdiens se evalueringinstrument reeds sedert 2000 verouderd begin raak het. Dié evalueringinstrument wat breedweg op die RLG (Research Libraries Group) Conspectus Online-evalueringinstrument gebaseer is, sal vanaf 2006 in samewerking met die akademiese departement geïmplementeer word.

Tabel 2: Gemiddelde boekpryse, volumes aangekoop, bedrae aan boeke bestee

	Gemid aankoopprys (Rand)	Aantal volumes aangekoop	Bedrag bestee (Rand)	% Volumes aangekoop (plus of minus)
2000	R 401.44	8240	R 3,307,825	-11.58
2001	R 443.23	8911	R 3,949,622	8.14
2002	R 649.80	6592	R 4,283,506	-26.02
2003	R 460.23	7729	R 3,557,179	17.24
2004	R 433.16	9037	R 3,914,554	14.47
2005	R 445.11	10393	R 4,626,060	15.00

Die basis waarop die evalueringinstrument rus, is 'n voorraadevalueringsvraelys en die doel hiervan is om vakprofiel te ontwikkel vir die verskillende vakrigtings in die biblioteekversameling. Vakprofiel weerspieël die omvang, relevansie en tydigheid van die biblioteekversameling. Die jaarlikse voltooiing van die voorraadevalueringsvraelys deur die akademiese omgewings sal dus van die uiterste belang wees om die gehalte van die biblioteekversameling deurgaans te kan verseker. Die resultate van die vraelys sal op die tuisblad van die Biblioteekdiens beskikbaar gemaak word waar dit toeganklik sal wees vir akademiese departemente.

'n Tydskedule vir die ontwikkeling van die vakprofiel is reeds bepaal en die afhandeling van die voorraadboubeleidokument word beoog vir middel 2006.

2.3 Ontwikkeling van die voorraad

2.3.1 Groei van die voorraad

Boekmateriaal het, soos die vorige jaar, gedurende 2005 bestendig gegroei met 10 393 boeke, 999 volgwerke en 1 056 tesse wat by die voorraad gevoeg is. Die aantal lopende tydskriftitels waarvoor die Biblioteekdiens beskik, is in 2005 fisies getel en beloop tans 2 759 papiertydskriftitels (Aanhangsel A, Tabel 3).

'n Resultaat van goeie samewerking tussen die Biblioteekdiens en die fakulteite ten opsigte van die vroeër plasing van bestellings en 'n beter verspreiding deur die loop van die jaar was dat 89% van die begroting aangewend kon word vir die aankoop van nuwe bronne voor die sperdatum.

'n MS Access-databasis vir die hantering van volgwerke is gedurende die jaar ontwikkel en suksesvol in gebruik geneem aangesien die nuwe weergawe van die Aleph-biblioteekbestuurstelsel nie oor die funksionaliteit vir die hantering van dié materiaaltipe beskik nie.

2.3.2 Toegang tot elektroniese materiaal

Toegang tot elektroniese materiaal het gedurende 2005 weer eens beduidend toegeneem en behels tans in totaal ongeveer 22 000 elektroniese tydskriftitels en meer as 100 elektroniese databasisse.

'n Belangrike byvoeging wat in 2005 tot die Biblioteekdiens se versameling databasisse gemaak is, is *SpringerLink Online Journal Collection* wat, onder andere, toegang tot meer as 1 200 volteks tydskrifte verskaf. Daarbenewens is die versameling elektroniese naslaanwerke van die uitgewer Gale met 22 tot 53 titels uitgebrei.

Gedurende 2005 is daar ook aandag geskenk aan die moontlike uitbreiding van die Biblioteekdiens se elektroniese boekversameling. Verskeie modelle vir die aankoop van elektroniese boeke is beskikbaar. Een so 'n model "*Electronic Book Library*" (EBL) van Dawson Books is vir 'n proefperiode beskikbaar gestel en deur die vak- en takbibliotekarisse geëvalueer. Verdere modelle sal in 2006 ondersoek word en indien daar 'n geskikte model gevind word en daar voldoende fondse beskikbaar is, sal die Biblioteekdiens ook hierdie diens tot die beskikking van sy kliënte stel.

2.3.3 Ontsluiting van bronne

Die biblioteek katalogus is uitgebrei met 17 664 bibliografiese en itemrekords wat deur die Katalogiseerafdeling geskep is. Hierdeur het die afdeling weer eens 'n belangrike bydrae gelewer tot die uitbou van plaaslike, streeks-, nasionale en internasionale toegang tot die voorraad.

Op grond van 'n subskripsie tot een van die Online Computer Library Centre (OCLC) produkte kan sommige van die Biblioteekdiens se bronne deur middel van WorldCat deur Internet-soekenjins soos Google opgespoor word.

Die voortdurende instandhouding en opgradering van rekords in die biblioteek katalogus is ook 'n belangrike prioriteit om deurlopende toegang tot die bestaande versameling te verseker. Die omvang

van instandhoudingswerk deur die Katalogiseerafdeling verteenwoordig tans 36% van die afdeling se werksaamhede.

2.3.4 Verskuiwing van die Bosboubiblioteek


Die inskakeling van die Bosboubiblioteek by die Ingenieursbiblioteek, waarvan die beplanning reeds in 2003 begin het, is in 2005 voortgesit. Werk aan die twee lesingsale aangrensend aan die Ingenieursbiblioteek wat deur die Departement Siviele Ingenieurswese aan die biblioteek beskikbaar gestel is, het in Desember 2005 begin en is voor die jaareinde afgehandel. Die rakke van die Bosboubiblioteek is ook verskuif en aangepas vir die nuwe lokale en matte is in die heringerigte lokale gelê. Die Bosbouversameling is terselfdertyd opgepak. Die nuwe vleuel van die nuwe gekombineerde Ingenieurs- en Bosboubiblioteek sou voor die aanvang van die akademiese jaar 2006 in gebruik geneem word.

Die verskuiwing van hierdie versameling na die Ingenieursbiblioteek is grootliks genoodsaak deur die groot koste van die instandhouding van 'n eenmansbiblioteek by die Departement Bosbou en die dringendheid van die verskuiwing is verder geëskaleer deur die drastiese afname van personeelgetalle na die personeelvermindingsprojek 2004-2006 van die Biblioteekdiens. Die bestuur van die afsonderlike Bosbou- en Ingenieursbiblioteke het reeds etlike jare onder een middelvlakbestuurder, wat by die Ingenieursbiblioteek gesetel is, geresorteer. Daar word voorsien dat die bestuur van die twee biblioteke, asook dienslewering aan kliënte van die Departement Bosbou met die samesmelting van hierdie twee biblioteke noemenswaardig sal verbeter en positief op kliënte sal impakteer.

2.4 Benutting van die voorraad

2.4.1 Databasisse


Die gebruikstatistiek van databasisse het in 2005 weer eens beduidend toegeneem teenoor 2004 met meer as 525 173 volledige elektroniese artikels wat afgelaai is teenoor 420 167 in 2004. 'n Verdere aanduiding van die toename in die benutting (soektogte) van databasisse word in Grafiek 1 uitgebeeld.



Die tien databasisse wat die beste benut is ten opsigte van soektogte, is:

- Academic Search Premier – 225 302

- PsycInfo – 176 196
- ScienceDirect – 163 405
- Business Source Premier – 78 434
- Web of Science – 45 138
- SACat – 43 574
- SA Studies – 34 224
- Index to SA Periodicals – 27 280
- ERIC – 20 545
- EconLit – 16 004



2.4.2 Tradisionele media

Die gesamentlike uitreikings by die JS Gericke Biblioteek en die takbiblioteke het met 9,4% afgeneem teenoor die totale aantal uitreikings van die vorige jaar (Grafiek 2). Die afname in totale uitreikings word toegeskryf aan 'n verdere drastiese afname in reserwe-uitreikings sedert 2004 (39,5%), 'n afname in tydskrifuitreikings (40,5%) en 'n toename in die benutting van volteks elektroniese databasisse.

Die skerpste daling met betrekking tot reserwe-uitreikings is by die JS Gericke Biblioteek (43,2%) ervaar. 'n Daling is ook by die takbiblioteke ervaar, met uitsondering van die Ingenieurs- en Teologie biblioteke waar toenames, hoewel nie besonder groot nie, wel voorgekom het. Hierdie twee biblioteke hanteer ook die grootste en aktiefste reserwe-versamelings van al die takbiblioteke.

Soos in 2004 kan die afname weer eens toegeskryf word aan die toenemende toegang tot tydskrifte in elektroniese formaat en die groter gebruik van WebCT en leesbundels by die akademiese departemente. Die sluiting van die dekkende outeursreglisensie-ooreenkoms tussen die Universiteit en DALRO en die gepaardgaande vooraf prosedures wat dit vir doserende personeel inhou, het egter in 2005 ook 'n besliste invloed gehad op die verdere afname in die statistiek van die reserwe-afdelings van die Biblioteekdiens.


Die daling in gebruikstatistiek van hierdie versamelings is in lyn met die Biblioteekdiens se strategiese doelwit om reserwe-versamelings af te skaal na werklike kern reserwe-materiaal, wat sal gepaardgaan met 'n waarskynlike verdere afname in gebruikstatistiek. Dit kan 'n herstrukturering van die funksie meebring.

In teenstelling met die afname in die sirkulasie van reserwe-materiaal het boekuitreikings in 2005 met 3,1% toegeneem en bladmusiekuitreikings met 8%.

Die aantal hernuwings het, soos in die vorige verslagjaar, weer eens 'n merkbare toename getoon (23% sedert 2004), wat toegeskryf word aan die vooraf kennisgewings wat sedert 2004 aan kliënte uitgestuur word om hulle voor die vervaldatum te herinner om biblioteekmateriaal terug te besorg of te hernu.

2.4.3 Interlenings

Gedurende 2005 is tendense binne die interleningsomgewing noukeurig gemonitor aangesien daar landwyd gedurende 2004 'n beduidende afname in interleningstransaksies was. Die vernaamste redes hiervoor was sonder twyfel die toenemende toegang tot elektroniese bronne vir biblioteekkliënte asook die gepaardgaande beperkende lisensievoorwaardes wat die deel van hierdie tipe materiaal tussen biblioteke aan bande lê.



Daar is ook moeite gedoen om tydens die *IFLA Interlending and Document Supply International Conference* in Estonië, wat deur die hoof van die Bronverskaffingsafdeling (JS Gericke Biblioteek) bygewoon is, internasionale tendense op die interleningsfront te identifiseer. Een aspek wat uitgestaan het, was die wêreldwye afname van interleningstatistiek. Dit wil egter voorkom asof hierdie afname ook weer 'n plato bereik en op 'n sekere vlak stabiliseer.

Die gesamentlike interleningaansvrae van die JS Gericke Biblioteek en die takbiblioteke het in 2005 met betrekking tot "aansvrae vanaf ander biblioteke" met 'n verdere 10% en "aansvrae vanaf eie gebruikers" met 'n verdere 4,9% afgeneem sedert 2004 (Grafiek 3). Alhoewel die afwaartse tendens dus voortduur, was daar tog 'n styging van die JS Gericke Biblioteek (5,4%) en Musiekbiblioteek (35,2%) se "aansvrae vanaf eie gebruikers". Dit blyk ook dat die afwaartse neiging in die algemeen minder drasties is as in die voorafgaande twee jare.

Die monitering van interleningtendense sal in 2006 voortgesit word aangesien enige verdere skerp daling van interleningstransaksies binne die volgende 2 tot 3 jaar moontlik 'n herbeplanning van interleningsafdelings en –bemanning sal noodsaak.

3. Kliëntediens: ontwikkelings en tendense

3.1 Bronverskaffing

3.1.1 Selfuitreikeenheid

Die sukses waarmee die selfuitreikeenheid van die JS Gericke Biblioteek in 2004 gebruik is (29% van die totale uitreikings van 2004 is met behulp van die selfuitreikeenheid gedoen) kon ongelukkig nie in 2005 voortgesit word nie. Na die implementering van die 16.02 weergawe van die Aleph-biblioteekbestuurstelsel was die selfuitreikeenheid buite werking en kon dit vir verskeie maande nie in werking gestel word nie. Geen sinvolle uitreikingstatistiek kon dus vir 2005 vanaf die eenheid verkry word nie. Die selfuitreikeenheid is intussen in werking gestel en sal in 2006 weer so effektief moontlik aangewend word en kliënte sal, soos in die verlede, opgelei en aangemoedig word om die eenheid te gebruik.

3.1.2 Besitskontrolle met betrekking tot interleningaanvrae

Die rol van interleningspersoneel sluit toenemend in dat die elektroniese beskikbaarheid nagegaan word van tydskrifartikels wat aangevra word. Waar gevind word dat 'n artikel wel elektronies deur middel van die Biblioteekdiens beskikbaar is, word dié artikels elektronies aan die kliënt versend met 'n handleiding vir die kliënt om voortaan self bronne op die webwerf op te spoor. Uit die 10 989 aanvrae wat in die loop van 2005 by die Interleningsafdeling van die JS Gericke Biblioteek van kliënte ontvang is, is 1 083 daarvan op die Biblioteekdiens se webwerf (A-Z lys) opgespoor.

'n Bewusmakingsveldtog om kliënte te bemagtig om interleningsitems direk op die Sabinet Online Magnet-stelsel aan te vra ("*pre-requests*") is in 2005 voortgesit en 1 620 aanvrae is gedurende die verslagjaar op hierdie wyse gedoen.

3.1.3 Reserwe: Dekkende outeursreglisensie tussen die Universiteit en DALRO

Die sluiting van 'n dekkende lisensie-ooreenkoms vanaf 1 Januarie 2005 tussen die Universiteit en DALRO, en die gevolglike vooraf kopieregklaring wat vanaf die *Cape Higher Education Consortium (CHEC)* ontvang moes word vir alle fotokopieë wat op reserwe geplaas word, het aan die begin van 2005 'n groot impak op die werksaamhede van die Reserwe-afdeling van die JS Gericke Biblioteek gehad.

Die Biblioteekdiens het nie vooraf kennis ontvang van die voorgenome lisensie-ooreenkoms nie en nuwe prosedures moes in 'n baie kort bestek van tyd in sowel die Reserwe-afdeling as by die takbiblioteke, in plek gestel word.

Die Reserwe-afdeling het in samewerking met me Carol Kat, kopieregbeampte van die Universiteit, met 'n reuse poging die projek in 'n rekordtyd afgehandel sodat die prosedures voor die aanvang van die akademiese jaar in 2005 in plek kon wees vir die korrekte toepassing van die lisensievoorwaardes.

3.1.4 Aanpassing van uitleenvoorregte

Die groot toename in die getal jaarlikse hernuwings (kyk paragraaf 2.4.2) waarvan die hoeveelheid per primêre biblioteekklïent tot en met 2005 onbeperk was, het tot gevolg dat groot getalle biblioteekitems soms so lank as 'n jaar of meer aan een spesifieke klïent uitgereik word en veral die meer resente publikasies dus soms vir baie lang periodes nie vir ander klïente op die rakke beskikbaar is nie.

Daar is derhalwe, as 'n eerste stap rondom 'n voorraadondersoek - wat ook die gebruik daarvan insluit - teen die einde van 2005 'n ondersoek ten opsigte van hernuwingsbeleid by agt universiteitsbiblioteke in Suid-Afrika geloods en daar is bevind dat geeneen van hierdie biblioteke 'n beleid van onbeperkte hernuwings per primêre biblioteekklïent het nie. Die gemiddelde hoeveelheid hernuwings wat vir klïente by hierdie biblioteke toelaatbaar is, is twee hernuwings per biblioteekitem.

Daar is gevolglik ten opsigte van nie-universiteitsklïente besluit om die hoeveelheid items wat uitgeleen kan word, asook die leenperiodes, in sommige gevalle, en die hernuwing van uitgeleende items vir hierdie klïente in te kort. Ten opsigte van primêre klïente is besluit om, in lyn met vermeldde universiteitsbiblioteke, die hoeveelheid toelaatbare hernuwings tot twee hernuwings per item te beperk. Die effek hiervan op die beskikbaarheid van die voorraad sal gedurende 2006 deurlopend gemoniteer word.

3.2 Inligtingverskaffing

3.2.1 Inligtingsgeletterdheid

'n Verskeidenheid inisiatiewe rondom inligtingsgeletterdheid is in 2005 geloods om dié strategiese funksie van die Biblioteekdiens optimaal te ontwikkel. Van die hoogtepunte op hierdie gebied is die volgende:

- 'n Projekvoorstel vir die inrigting van 'n "*Knowledge Centre*" by die JS Gericke Biblioteek.


- Interne opleidingsessies in die gebruik van WebCT, asook met betrekking tot opleidingsvaardighede (“Opleiding van opleiers”) deur dr Christel Troskie-De Bruin.
- Verwelkoming en oriëntering van nuwe dosente aan die Universiteit.
- Die ontwikkeling van ’n opleidingsevalueringsvorm (gebaseer op die 5-punt Lickertskaal) wat elektronies deur die bywoners van opleidingsessies voltooi kan word.
- Die beskikbaarstelling van die plagiaatprogram “*You quote it, you note it*” op die Biblioteekdiens se webwerf.
- Die ontwikkeling van opleidingsprogramme vir die gebruik van die ScienceDirect- en PubMed-databasisse.
- Die ontwikkeling van ’n moduleraamwerk (“*Library survival skills*”) vir onderrig in inligtingsgeletterdheidsvaardighede vir die program Inligtingsvaardighede 172.

3.2.2 Opleiding

Opleiding is steeds ’n strategiese prioriteit vir die Biblioteekdiens en derhalwe word daar ’n besondere poging aangewend om soveel moontlike opleidingsgeleenthede vir kliënte te bied om effektiewe benutting van bronne en dienste te verseker.

3.2.2.1 Groepsopleiding

Grafiek 4 verskaf ’n totale oorsig van alle groepsopleiding van primêre kliënte ingedeel volgens fakulteite asook biblioteke wat gedurende 2005 aangebied is. Hierdie opleiding is in hoofsaak **kurrikulumverwante** opleiding en dui die persentasie aan van die studente wat per fakulteit opgelei is. (Die aantal ingeskrewe studente per fakulteit is verkry vanaf die Universiteit se inligtingskafeteria).




Die tabel verskaf egter slegs 'n indikator van die aantal/persentasie persone opgelei per fakulteit aangesien dieselfde kliënte by meer as een geleentheid opgelei kan word.

Groepsopleiding in die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedkunde en Regsgeleerdheid is meer as die voorafgaande jaar. Die Fakulteit Regsgeleerdheid het in 2005 weer eens goed gevaar danksy 'n stelsel van kurrikulumgeïntegreerde biblioteekopleiding wat by die fakulteit aangebied word.

3.2.2.2 Individuele opleiding

Benewens die aantal studente wat in groepverband opgelei is, is 'n beduidende aantal studente individueel opgelei. Individuele opleiding is in 2005 vir die eerste keer volgens 'n statistiese formule vasgelê en word in Grafiek 5 (Individuele opleiding) uitgebeeld.


By die JS Gericke Biblioteek en die takbiblioteke gesamentlik is 'n totaal van 9 516 persone individueel opgelei. Die Gesondheidswetenskappe Biblioteek het die meeste kliënte individueel opgelei, gevolg deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Laasgenoemde is ook die fakulteit met die grootste getal ingeskrewe studente, naamlik 6 372. Die gebrek aan groepsopleiding aan die groot eerstejaarsgroepe by die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het waarskynlik tot gevolg dat baie meer individuele opleiding benodig word deur studente van die fakulteit. In die JS Gericke Biblioteek alleen is daar 6 148 persone individueel opgelei.



3.2.2.3 Opleiding per klientkategorie

'n Voorstelling van die aantal persone per klientkategorie wat tydens 2005 opgelei is, word in Grafiek 6 verskaf. In dié verband is die hoeveelheid **nie-universiteitskliënte** wat individuele opleiding van

professionele bibliotekaris se ontvang kommerwekkend, veral in die lig van die afname van die Biblioteekdiens se personeelgetalle. Die res van die statistiek is in verhouding soos verwag.



3.2.2.4 Ander groepe

Opleiding aan ander groepe verteenwoordig verdere uitsette wat deur vakbibliotekaris en takbibliotekaris gelewer word. Ander groepe bestaan uit kliënte verbonde aan ander tersiële instansies, soos die Boland Kollege (Stellenbosch), skoolgroepe en groepe verbonde aan die Universiteit wat biblioteekopleiding versoek, maar nie spesifiek per akademiese module of program nie. 'n Totaal van 1 244 persone (393 periodes) is gedurende 2005 in hierdie kategorie opgelei.

3.2.2.5 Getwise@URLibrary

Die GetWise@URLibrary-opleiding wat in 2004 geloods is en waarmee veral studente geleentheid gekry het om sekere tye van die jaar vir 'n week lank individuele opleiding in 'n verskeidenheid algemene biblioteekaspekte te ontvang, is met sukses in 2005 voortgesit.

Die eerste GetWise-opleidingsaksie van 2005 het vanaf 7-11 Februarie plaasgevind en opleiding in die volgende aspekte ingesluit: toegang tot die Biblioteekdiens se tuisblad; die biblioteek katalogus en die webgebaseerde gids om die katalogus te gebruik; "Ask a Librarian" (elektroniese navraagdiens); databasisse en tydskrifartikels; elektroniese tydskrifte, ensovoorts. Die geleentheid is bygewoon deur 135 persone en terugvoervorms het aangedui dat hierdie opleidingsessies 'n besliste mark het en weer baie positief deur diegene wat die opleiding deurloop het, ontvang is. Daar word gemeen dat die aanbieding van hierdie eerste opleidingsessies in Februarie, direk na die verwelkomingsweek vir nuwelingstudente, die sukses daarvan in 2005 verhoog het.

Hierdie opleidingsaksie is met 'n verdere aksie onder die GetWise-vaandel opgevolg vanaf 11 tot 22 April 2005, genaamd "*Internet: Tools and Tips*". Daar is van 'n aantal rekenaargebruikersareas op die kampus gebruik gemaak om die opleidingssessies aan te bied. Slegs 39 persone van 93 wat vir die sessies bespreek het, het egter opgedaag. Terugvoervorms is weer eens beskikbaar gestel en, soos by die vorige GetWise-opleidingssessies, het diegene wat wel die sessies bygewoon het dit baie waardevol gevind.

Die waarde van hierdie sessies is bewys deur verdere uitvloeisels daarvan, naamlik 'n verdere drie sessies vroeg in Mei 2005 aan 69 SCHIMATHUS-studente wat op versoek van 'n dosent in rekenaargeletterdheid in HUMARGA aangebied is en baie goed deur die betrokke studente ontvang is, asook 'n sessie aan dosente gemoeid met die opleiding van SCHIMATHUS-studente wat op 10 Mei aangebied is.

3.2.2.6 Verwelkoming van nuwelingstudente

Met die Biblioteekdiens se betrokkenheid van die afgelope aantal jare by die Universiteit se verwelkomingsprogram vir nuwelingstudente is jaarliks 'n inkrementele toename getoon in die hoeveelheid studente wat die Biblioteekdiens se program van rondleidingsessies in die JS Gericke Biblioteek gedurende die verwelkomingsweek bygewoon het. By die takbiblioteke word ook jaarliks verwelkomingsessies vir nuwelingstudente aangebied, maar in 'n formaat en op 'n tyd wat die betrokke biblioteek en sy kliëntegroep die beste pas.

Nuwelingstudente van ses fakulteite wat vanuit die JS Gericke Biblioteek bedien word, het in 2005 aan die program deelgeneem. Slegs die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe was, soos in vorige jare, uit eie keuse nie deel van die program nie weens die groot omvang van die jaarlikse inname van eerstejaarstudente by die Fakulteit. Gedurende die laaste dag van die rondleidings het 36 studente van hierdie fakulteit egter uit vrye wil na die biblioteek gekom met versoeke vir rondleidings. In totaal is 805 studente in 2005 op hierdie wyse georiënteer, wat 'n toename van 346 nuwelingstudente vanaf 2004 getoon het.

3.2.3 Ask a Librarian (QuestionPoint): Elektroniese navraagdiens

Die hoeveelheid kliënte wat in 2005 van die elektroniese navraagdiens (*Ask a Librarian*) gebruik gemaak het, was 274 in teenstelling met die 213 van 2004. 227 meer navrae is in 2005 per elektroniese navraagvorm ontvang as in 2004.

Navrae en antwoorde met 'n hergebruikswaarde is weer eens op QuestionPoint (die webgebaseerde stelsel waarmee die elektroniese navraagdiens by die Biblioteekdiens hanteer word) se sogenaamde *KnowledgeBase* vasgelê. Die databasis verskaf dus 'n kwalitatiewe aanduiding van navrae wat hanteer is. Die hoeveelheid Stellenbosch rekords wat in Januarie 2006 vindbaar was op die plaaslike *KnowledgeBase* was 856 teenoor 489 rekords in Januarie 2005. Die Biblioteekdiens se bydraes tot die *KnowledgeBase* het dus in 2005 met 367 rekords toegeneem.

Hierdie is 'n diens wat nog nie lank in gebruik is nie en dit is verblydend om te sien dat daar sedert die loodsprojek groei getoon word in die gebruik daarvan.

3.2.4 Skakeling

'n Opskerping van skakeling binne fakulteits- en departementele verband, met dekane, fakulteitsbestuurders en –verteenwoordigers, fakulteitsbiblioteekkomitees, individuele dosente, en deur middel van e-pos verspreidingslyste van nagraadse studente binne die onderskeie departemente, vanaf 2004 is in 2005 met verdere ywer voortgesit. Daar is doelbewus gewerk aan die verbreding van die vakbibliotekaris se kliëntebasis en die penetrering van die mark binne die Universiteit met die doel om met waardetoevoegende dienste 'n verskil te maak aan leer, onderrig en navorsing aan die Universiteit.

Heelwat suksesse is reeds gedurende die afgelope jaar behaal, maar dit wissel van omgewing tot omgewing en die aktiwiteit vereis nog heelwat verdere beplanning en verfyning. Die projek word tans ook nog bemoeilik deur die bestaande fisiese opset van die JS Gericke Biblioteek. Herinrigting van die oopvloerareas is nodig om dit vir vakbibliotekarisse moontlik te maak om meer tyd te spandeer by departemente in fakulteite en in kantore om die doelwit van die lewering van gespesialiseerde inligtingsdienste ter ondersteuning van navorsing te verwesenlik.

3.2.5 Vakgidse

Vakgidse vir alle vakgebiede is in 2005 voltooi en is aktief op die tuisblad van die Biblioteekdiens. Slegs instandhouding, verbetering en herontwerp van die gidse word nou op 'n deurlopende basis gedoen.


3.2.6 Studentebystandsdiens

Daar is weer tydens 2005 van nege studente-assistente gebruik gemaak vir dienslewering by die algemene inligtingsdienspunte op die boonste en onderste vlakke van die JS Gericke Biblioteek.

Hierdie bystandsdienste het 'n onmisbare rugsteun vir die vakbibliotekarisse geword en die span van 2005 het hulle veral goed van hulle taak gekwyt.


3.2.7 Dienste vir afstandstudente

Afstandsdienste word vanaf 2005 aan biblioteekafstandstudente (BAS) en ITO-studente (Interaktiewe Telematiese Onderwys) gelewer. Die benaming van AO-studente of AO-dienste (afstandsonderrig) het verval met ingang 2005.



Die totale aantal afstandstudente (BAS en ITO) wat in 2005 vir afstandsdienstelewering geregistreer was, het met 240 gestyg vanaf 2004 tot 'n totaal van 1 698 studente (Grafiek 7).

Weens die samesmelting van die Universiteit se Skool vir Mondheelkunde en die Fakulteit Tandheelkunde van die Universiteit van Wes-Kaapland in 2004, het die getal afstandstudente by die Gesondheidswetenskappe Biblioteek skerp afgeneem in 2005 na 'n totaal van 174 studente wat afstandsdienste gebruik het.



Alhoewel die getal afstandstudente ook by die Teologie Biblioteek effens afgeneem het, het hierdie studente baie aktief van die diens gebruik gemaak en het die hoeveelheid items wat in 2005 aan hulle gelewer is, skerp gestyg.

Die aantal aktiewe studente aan wie diens gelewer is by die Biblioteekdiens het afgeneem van 545 in 2004 na 337 in 2005 (Grafiek 8).

By die JS Gericke Biblioteek het die totale van al die dienste wat gelewer is afgeneem, met die uitsondering van artikels en hoofstukke uit boeke wat toegeneem het met 992. Hierdie toename kan toegeskryf word aan die gemak waarmee elektroniese dokumentlewering vanaf databasisse en e-tydskrifte per e-pos aan afstandstudente gelewer kan word.

3.3 INFOBANK

Lisensie-ooreenkomste, wat die lewering van inligtingsdienste vir kommersiële doeleindes verbied, asook die jongste interpretasie van die Wet op Outeursreg (Wet 98 van 1978), wat impliseer dat die Biblioteekdiens nie as 'n tussenganger mag optree om papierbronne teen 'n tarief aan nie-universiteitskliënte beskikbaar te stel nie, het die Biblioteekdiens genoodsaak om die INFOBANK-diens in sy bestaande formaat te beeindig.

Die Biblioteekdiens het wel laat in 2005 in gesprek getree met verskaffers van elektroniese bronne oor die moontlike uitbreiding van lisensie-ooreenkomste om nie-universiteitskliënte in te sluit, maar die verskaffers was nie op daardie stadium gewillig om nie-universiteitskliënte binne die standaard lisensie-ooreenkomste te akkommodeer nie. Gewysigde lisensie-ooreenkomste sal groot addisionele koste meebring en die omvang van die vraag na die diens regverdig nie die bykomende koste, asook die personeeltyd wat sodanige langtermyn, intensiewe, regs kundige onderhanderinge vir die Biblioteekdiens tot gevolg sal hê nie. Die elektroniese omgewing maak dit egter moontlik vir nie-universiteitskliënte om deur middel van artikel-op-aanvraag, teen vasgestelde tariewe, nog steeds deur middel van kommersiële verskaffers toegang tot die inligting te kry. Nie-universiteitskliënte kan ook nog steeds teen betaling uitleenvoorregte by die Biblioteekdiens bekom en persoonlik die bronne in die voorraad van die Biblioteekdiens benut.

'n Ondersoek na moontlike dienste binne hierdie veranderde omgewing aan vorige INFOBANK-lede en vennote van die Universiteit sal in 2006 voortgesit word.

4. Spesiale Versamelings

4.1 JS Gericke Biblioteek

Gedurende 2005 is die werk aan die belangrike JJ Smith en SP Cilliers-versamelings afgehandel. Die JJ Smith-versameling is van belang weens, onder andere, die polemieke rondom die spellingkwessie, die ontwikkeling van Afrikaans, Afrikaans in die onderwys, asook Smith se verhouding met die SAAWK, *Die Huisgenoot* en Nasionale Pers. Onder die algemene korrespondensie is daar belangrike korrespondensie met, onder andere, C Louis Leipoldt.

Die sesdelige SP Cilliers-katalogus is in Engels opgestel juis vanweë die verwagte buitelandse belangstelling weens Cilliers se groot bydrae tot die ontwikkeling van sosiologie as akademiese dissipline, asook ten opsigte van industriële verhoudinge en sosiale veranderings. Die Cilliers-katalogus is reeds gebind en vir navorsing beskikbaar, terwyl die Smith-katalogus wat uit vyf bande bestaan, in 2006 gebind en beskikbaar gestel sal word.

Die katalogisering en indeksering van die versameling van die kultuurmens en Afrikaanse skrywer WA de Klerk is ook in 2005 voltooi en daar word tans aan die alfabetisering en tik van die onderwerps-sowel as die titel-/outeursindekse gewerk. Die versameling is reeds deur navorsers gebruik omdat dit soveel inligting oor die Dorslandtrekkers in Angola bevat.

'n Groot deel van die werk aan die JD du P Basson-versameling is reeds gedurende die verslagjaar afgehandel en tans word gewag op 'n verdere skenking van dokumente vanaf mnr Japie Basson na afloop van die voltooiing van 'n tweede boek oor sy betrokkenheid by die politiek. Hierdie versameling politieke dokumente sluit goed aan by dié van DF Malan, SP Cilliers en B Ranchod. Basson was die middelpunt van vele partypolitieke omwentelinge en hierdie dokumentasie is 'n skat vir studente en navorsers in politiek en geskiedenis.

Die werk aan die omvangryke HB Thom-versameling is gedurende 2005 voortgesit, terwyl 'n verdere groot toevoeging tot die Hermann Giliomee-versameling ontvang is, waarna met die voorsortering daarvan begin is.

Die seuns van Sheila Cussons het die afdeling in 2005 besoek en haar dokumente besigtig, waarna 'n verdere skenking uit haar dokumente-versameling ontvang is.

'n Baie belangrike toevoeging tot die Africana-lokaal gedurende 2005 is die staanhorlosie wat deur Johann Junck in ± 1770 vervaardig is en waarvan die laaste eienaar prof HB Thom was. Die horlosie is in Julie 2005 vanaf die HB Thom-kamer in Administrasieblok B na die Africana-lokaal verskuif waar dit uiteindelik tot sy reg kom en met groot belangstelling deur besoekers besigtig word.

4.2 Musiekbiblioteek

Gedurende 2005 is die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) by die Musiekbiblioteek in die Konservatorium vir Musiek gevestig met fondse wat deur die Vise-Rektor (Navorsing) en die Direkteur van die Konservatorium vir die doel beskikbaar gestel is. Die inisiatief vir die ontwikkeling van die Dokumentasiesentrum het ontstaan uit die ordenings- en katalogiseerwerk aan die Arnold van Wyk-nalatenskap in die JS Gericke Biblioteek. Die uitgangspunt van die vestiging van die DOMUS is dat daar nêrens in Suid-Afrika 'n instansie is waar die musiekversamelings van komponiste of uitvoerende

kunstenaars as 'n spesiale fokusgebied op 'n georganiseerde wyse versamel, georden, beskryf en bewaar word nie. Die oogmerk van die DOMUS is dus om hierdie leemte te vul en voort te bou op die werk wat reeds in hierdie verband gedoen is deur spesifieke musiekwetenskaplikes aan die Konservatorium.

Die fokus van die Dokumentasiesentrum vir Musiek sal die bymekaarbring, bewaring, ordening en katalogisering van die volgende tipes materiaal wees:

1. Die literêre nalatenskappe van komponiste.
2. Die literêre nalatenskappe van uitvoerende kunstenaars.
3. Die literêre nalatenskappe van musiekwetenskaplikes.
4. Die dokumentasieversamelings van musiekinstellings.

Bogenoemde omvat ook die musiek en literêre nalatenskappe van musici wat aktief in die populêre en jazz idiome werk. Hul musiek is, uit 'n kultuurhistoriese oogpunt, dikwels 'n belangriker barometer van die tye waarin ons leef as die hoë kultuur van kunsmusiek.

Benewens bogenoemde aktiwiteite word dienste aan kliënte gelewer ten opsigte van navrae en besoeke (plaaslik en vanuit die buiteland) aan die Dokumentasiesentrum. Gedurende 2005 het die DOMUS reeds 44 besoekers ontvang.

Spesiale fasiliteite wat verseker dat die versamelings in gepaste omstandighede geberg word, onder andere: temperatuur- en humiditeitsregulering, ontsmetting teen insekte en organismes wat die materiale kan beskadig en gepaste verpakkingsmateriale en bergruimte hou egter verreikende finansiële implikasies in. In die verband is 'n formele versoek reeds gerig om van die bewaringskoste van die DOMUS deur die restourasie-afdeling van die JS Gericke Biblioteek te laat ondervang. Verskeie voorleggings vir die insameling van addisionele fondse het ook reeds begin.

Soos die Dokumentasiesentrum in die JS Gericke Biblioteek, sal die DOMUS 'n uiters waardevolle navorsingsbron word vir nagraadse studie, maar kan dit ook 'n groeiende bate vir die Universiteit en die breër gemeenskap word.

5. INFORMATIE-TEGNOLOGIE

5.1 Netwerk

Daar is gedurende 2005 voortgegaan om die Biblioteekdiens se rekenaars, bedieners en drukkers volgens 'n vervangingsplan met 'n vier jaar siklus te vernuwe. 'n Besluit is ook geneem om voortaan

slegs hoë kwaliteit toerusting aan te koop wat gerugsteun word deur 'n naverkope ondersteuningsplan. Die vervanging van apparatuur is tans gestabiliseer op 'n vier jaar siklus wat beplanning en begroting vir toekomstige aankope van rekenaartoerusting vergemaklik.

Die LibQUAL meningsopname het dit egter duidelik uitgelig dat studente 'n behoefte het aan meer rekenaarsitplekke. In reaksie hierop is twintig bykomende rekenaars op die onderste vlak van die JS Gericke Biblioteek geplaas om die beskikbaarheid van rekenaars te verbeter. Die beskikbaarheid vir rekenaars word egter steeds as onvoldoende beskou en word verder aangespreek deur die elektroniese bronne strategie sowel as die voorgestelde projek vir die inrigting van 'n *Knowledge Centre* (kyk paragraaf 3.2.1).

5.2 ALEPH-biblioteekbestuurstelsel

Goeie vordering is gemaak om probleme met betrekking tot interne prosesse en werksvloei binne die Aleph-biblioteekbestuurstelsel te identifiseer en aan te spreek. 'n Nuwe metode (sogenaamde *service packs*) vir die vinnige implementering van nuwe funksionaliteit en probleemregstellings in die Aleph-stelsel, het verder bygedra tot meer effektiewe probleemoplossing.

Die CALICO-stelselbibliotekaris het ook tydens 2005, ter voorbereiding vir die implementering van die *Aleph Reporting Centre (ARC)*-stelsel, opleiding ontvang in die *Cognos ReportNet* verslaggenereringsprogrammatuur. Met hierdie stelsel word beoog om probleemoplossing selfs verder te verbeter.

5.3 "Institutional repository"

'n Ondersoek is gedurende 2005 geloods na die aanwending van DSpace programmatuur vir die ontwikkeling van 'n "*institutional repository*". Vir die doel het mnr L Munro 'n DSpace implementeringskursus by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) bygewoon en 'n bediener is aangekoop om die stelselprogrammatuur te installeer en te konfigureer. Die Biblioteekdiens het ook in samewerking met die Afdeling Informasietegnologie en die DWT-NNS Sentrum vir Indringerbiologie (SIB oftewel C.I.B) in die Departement Plant- en dierkunde 'n projek van stapel gestuur om die navorsingsuitsette van dié sentrum op die DSpace stelsel te ontsluit en te stoor vir effektiewe administrasie en herwinning. Die projek sal tydens 2006 afgehandel word en sodoende die eerste sogenaamde "*institutional repository*" versameling van die Universiteit van Stellenbosch word.

5.4 EZProxy vir buite-kampus toegang na elektroniese bronne

Nuwe verifikasie sagteware (EZProxy) is bekom wat dit vir buite-kampus kliënte maklik maak om deurgaans toegang tot biblioteekdatabasisse en elektroniese tydskrifte te verkry. Geregisteerde universiteitskliënte wat van buite die kampus toegang wil kry, sal op die Biblioteekwebwerf bloot op 'n skakel langs die titel van die databasis kan kliek en met sy/haar netwerkgebruikersnaam en -wagwoord aanteken. Die programmatuur is suksesvol getoets en sal na verwagting vroeg in 2006 geïmplementeer word.

5.5 Elektroniese Tesisse en Dissertasies (ETD)-projek

'n Projek is gedurende 2005 geloods om die lewensvatbaarheid van die gebruik van die DSpace "*institutional repository*" stelsel vir die ontwikkeling van 'n elektroniese tesisse en dissertasies-databasis te ondersoek. Die loodsprojek het waardevolle resulte opgelewer. Daar sal gedurende 2006, in samewerking met ander rolspelers, besin word oor 'n moontlike kampuswye projek vir die vestiging van sodanige databasis by die Universiteit.

5.6 Fasiliteite

Die Biblioteekdiens se IT-afdeling het tydens 2005 na nuutingerigte kantore in die JS Gericke Biblioteek verhuis wat meer kantoorspasie en 'n groter stoorruimte vir rekenaartoerusting bied. Dit het die IT-afdeling 'n geleentheid gebied om 'n spesiale werksarea in te ruim vir die herstelwerk van bestaande rekenaartoerusting, sowel as die konfigurasie van sagteware ter voorbereiding vir die uitplasing van nuwe rekenaartoerusting.

5.7 Aanwending van oopbronprogrammatuur

Daar is gedurende 2005 in 'n groter mate van oopbronprogrammatuur gebruik gemaak ten opsigte van die e-pos-, *proxy*-, *IR*- en flink naslaan-bediensers. 'n "*Freedom Toaster*", waarmee oopbronprogrammatuur gratis afgelaai kan word en deur die *Shuttleworth Foundation* aan die SULUG-groep (*Stellenbosch University Linux User Group*) geskenk is, is ook in die JS Gericke Biblioteek geplaas. Die IT-afdeling het ook groter deelname aan die Linux-gebruikersgroep op kampus bewerkstellig en beplan om in die toekoms meer van oopbronprogrammatuur gebruik te maak ten einde die kostes te besnoei wat met kommersiële sagteware gepaardgaan. Sogenaamde "flink naslaan rekenaars" is met oopbronprogrammatuur op ouer rekenaars toegerus en in die JS Gericke Biblioteek uitgeplaas vir vinnige naslaandoeleindes. Dit het 'n positiewe verskil gemaak in die aantal rekenaarsitplekke wat in die JS Gericke Biblioteek beskikbaar is.

5.8 Digitalisering inisiatiewe

Verskeie digitalisering inisiatiewe is tydens 2005 geïdentifiseer. Voorbeelde hiervan is die omskakeling van mikrofilm koerantartikels na elektroniese formaat vir bewaring en maklike duplisering, die digitalisering van spesiale Africana-versamelings en die migrasie van akademiese video inhoud na elektroniese formaat. Heelwat navorsing is reeds gedoen om die lewensvatbaarheid van hierdie inisiatiewe te bepaal en om geskikte metodes en tegnieke vir die ondersoekfasies te identifiseer. Kopieregbepalings sal egter verder ondersoek moet word alvorens daar uitvoering aan die inisiatiewe gegee kan word.

5.9 LOCKSS-SA argiveringsprojek

Goeie vordering is gemaak met die LOCKSS-SA projek, wat vanaf die Biblioteekdiens landwyd bestuur word. Die projek is ook uitgebrei na die volgende instellings:

1. Rhodes Universiteit
2. Noord-Wes Universiteit: Potchefstroom-kampus
3. Cape Peninsula University of Technology: Kaapstad-kampus
4. Nasionale Biblioteek: Kaapstad-kampus
5. Nasionale Biblioteek: Pretoria-kampus
6. Universiteit van Wes-Kaapland (UWK)

Maandelikse telekonferensies is met die LOCKSS-span by die Universiteit van Stanford gehou om vordering en probleemareas te bespreek. Waardevolle terugvoer is aan ons Amerikaanse kollegas gegee en die projek word deur die Biblioteekdiens beskou as belangrike navorsing op die terrein van digitale argivering en bewaring. Die tweede fase van die projek sal in 2006 voortgesit word.

5.10 Koordlose netwerk

'n Koordlose netwerk (WiFi) is gedurende 2005 in die JS Gericke Biblioteek geïnstalleer. Die koordlose netwerk is as deel van die kampuswye kapasiteitswerkgroeponderzoek geïnstalleer met befondsing uit die eKampus projek. Die ingebruikneming van die koordlose netwerk het met groot sukses gepaard gegaan en dit word daagliks baie aktief deur kliënte gebruik. Ondersteuning vir die gebruik van die koordlose netwerk word deur die Biblioteekdiens se IT-afdeling verskaf. Die koordlose netwerk bring ook 'n mate van verligting mee vir die beperkte aantal rekenaarsitplekke wat in die JS Gericke Biblioteek beskikbaar is. Die koordlose netwerk dek ongeveer 80% van die vloeroppervlak van die JS Gericke-gebou.

6. STRATEGIESE AANGELEENTHEDE

6.1 Herstruktureringprojek 2004 - 2006

Die herstruktureringprojek van die Biblioteekdiens is aan die einde van 2005 afgehandel. As deel van die projek is al die funksies van die Biblioteekdiens geherdefinieer om vas te stel watter funksies afgeskaf kon word, watter afgeskaal kon word, watter geherstruktoreer kon word en watter bygevoeg moes word ten einde relevant te bly. Uit die aard van die saak is die omvang van die projek sodanig dat dit nie volledig in so 'n kort tydsbestek afgehandel kon word nie, en sommige voorstelle sal eers op die medium tot langer termyn volledig geïmplementeer kan word. Vir die periode 2004-2006 kon daar egter 22 permanente poste en 4 ad hoc-poste afgeskaf word wat 'n besparing van meer as R3,5 miljoen op die begroting vir menslike hulpbronne te weeg gebring het.

6.2 Oorgang na elektroniese inligtingsbronne

Die projek "*Strategie vir die millennium: oorgang na die elektroniese inligtingsomgewing*" is gedurende 2005 voortgesit en verder verfyn. Dit het gepaard gegaan met 'n verdere afskaling van papiersubskripsies ten gunste van die elektroniese medium en het ook gelei tot 'n verdere besparing op die begroting.

6.3 Toedelingsmeganisme vir die verdeling van die begroting vir biblioteekbronne

Gedurende 2005 is die nuwe toedelingsmeganisme toegepas om die beskikbare fondse tussen fakulteite vir 2006 te verdeel en sekere leemtes in dié meganisme is geïdentifiseer. Aanpassings was nodig ten einde wanbalanse in die begrotings van enkele fakulteite aan te spreek en verdere aanpassings aan die meganisme is as 'n strategiese prioriteit vir 2006 geïdentifiseer.

6.4 Gehalteversekeringsoudit

Die gehalteversekeringsoudit van die Universiteit deur die Higher Education Quality Committee (HEQC) het gedurende Oktobermaand plaasgevind en het ook 'n beduidende impak op die werksaamhede van die Biblioteekdiens gehad, veral in terme van 'n selfevalueringsverslag wat voltooi moes word en relevante dokumentasie wat vir die ouditpaneel voorberei moes word. Die paneel het gesprekke met lede van die Biblioteekbestuur en lede van die Biblioteekkomitee gevoer.

6.5 Voorraadontwikkelingsbeleid

'n Nuwe evalueringsinstrument vir die evaluering van die voorraad is gedurende 2005 ontwikkel. 'n Voorraadevalueringsvraelys waarvan die doel is om vakprofiel te ontwikkel vir die verskillende vakrigtings in die biblioteekversameling vorm die basis hiervan. Die omvang, relevansie en tydigheid van die biblioteekversameling word hiermee bepaal. Die jaarlikse voltooiing van die voorraadevalueringsvraelyste deur die akademiese omgewings sal die gehalte van die biblioteekversameling deurgaans verseker. Vakprofielvraelyste sal na verwagting gedurende die tweede kwartaal van 2006 aan departemente gestuur word.

6.6 Uitbreiding van rekenaaropleidingsfasiliteite

'n Dringende tekort aan 'n fasiliteit vir opleiding in rekenaar- en inligtingsgeletterdheid is gedurende 2005 geïdentifiseer en 'n taakgroep is in die lewe geroep om die moontlikhede te ondersoek en met voorstelle na die Bestuur te kom. Goeie vordering is in die verband gemaak maar die finansiële omvang van die projek sal waarskynlik van so 'n omvang wees dat die moontlikheid van buite-befondsing in die vorm van 'n borgskap oorweeg sal moet word.

6.7 Onderzoek na die bestuur van nie-bibliografiese inligtingsbronne

Die Biblioteekdiens het in samewerking met die Afdeling Informasie Tegnologie 'n ondersoek begin na die bestuur van die nie-bibliografiese data komponent van navorsings- en ander akademiese versamelings van die Universiteit. Daar is toenemend 'n behoefte by akademiese departemente om navorsingsuitsette te ontsluit en die Biblioteekdiens kan 'n waardevolle bydrae lewer ten opsigte van die bestuur van sodanige inligting. Dit is belangrik dat die bestuur van hierdie inligting by die Universiteit in sy geheel gekoördineerd en doeltreffend benader word en die projek wat geloods is na die doeltreffende bestuur van die DWT-NNS Sentrum vir Indringerbiologie (SIB) se navorsinguitsette is 'n belangrike stap wat op die terrein gemaak is (kyk paragraaf 5.3).

7. GEHALTEVERSEKERING

7.1 Selfevaluering en die ontwikkeling van 'n gehalteversekeringstelsel

Finale voorbereidings vir die institusionele oudit van die Universiteit het gedurende die verslagjaar groot aandag geniet.

Dié voorbereidings deur die Biblioteekdiens se Gehalteversekeringskomitee het onder andere behels: die beskikbaarstelling van die Biblioteekdiens se getuienisdokumente vir insluiting by die Universiteit

se Selfevalueringsverslag en die voortsetting van die ontwikkeling van 'n gehalteversekeringstelsel, gebaseer op die Gebalanseerde Telkaart (Kaplan & Norton, 1992), wat doelwitstelling, prestasie-indikatore, meetinstrumente en teikens insluit. Goeie vordering is gemaak met die ontwikkeling van hierdie stelsel en werksaamhede in die verband word in 2006 voortgesit.

7.2 LibQual meningsopname

Finale voorbereidings is ook getref vir die uitvoer van 'n omvattende meningsopname om die Biblioteekdiens se dienskwaliteit te meet. In dié verband is die verpersoonliking en Afrikaanse vertaling van die LibQual-vraelys afgehandel en 'n bewusmakingsveldtog vir personeel en die kampus van stapel gestuur. Die LibQUAL-opname word internasionaal gebruik en meet hoofsaaklik dienskwaliteit in terme van die kliënt se verwagting teenoor die kwaliteit van diens wat ervaar word. Drie kernaspekte van dienslewering word gemeet, naamlik die houding van biblioteekpersoneel, die kwaliteit van inligtingsverskaffing, en die kliënt se persepsie van die biblioteekgebou as plek.

Die opname wat gedurende September gedoen is, het 1546 response opgelewer, wat ongeveer 7-8% van die totale universiteitsbevolking verteenwoordig, met voorgraadse studente as die mees ywerige respondente, naamlik 57%. Nagraadse studente het 24%, akademiese personeel 11% en ander personeel 8% van die respondente verteenwoordig. Die resultate van die opname het daarop gedui dat kliënte baie tevrede is met die ligging, fisiese ruimte en die toerusting van die Biblioteekdiens se onderskeie biblioteke en dat die biblioteke in die algemeen as 'n toevlugsoord vir leer en studie beskou word. Inligtingsbronne en toegang tot bronne het egter by alle gebruikersgroepe swak gevaar. Hierdie persepsie sal deur middel van fokusgroepgesprekke gedurende 2006 verder ondersoek word om vas te stel wat die presiese redes daarvoor is. Verder was dit ook duidelik dat kliënte soms met onvriendelike, onhulpvaardige personeel te doen kry.

Byna die helfte van die deelnemers (48%) het ook die geleentheid gebruik om kommentaar te lewer, om die Biblioteekdiens te bedank, voorstelle te maak, spesifieke behoeftes te stel en om te kla. Uit die kommentaar wat ontvang is, is dit duidelik dat elektroniese toegang, rekenaars, studeerplek, stilte en biblioteekure vir kliënte baie belangrik is. Die kommentaar word as uiters waardevol beskou. Trouens, sommige kwessies wat geopper is, is reeds aangespreek. Een hiervan is die plasing van twintig bykomende rekenaars op die onderste vlak van die JS Gericke Biblioteek om die tekort aan rekenaars in die Biblioteek te verlig.

Na afloop van die opname is kommentaar deur deelnemers deur middel van 'n MS Access databasis verwerk en aan die Biblioteekbestuur beskikbaar gestel. Die volledige terugvoer in die verband is ook deur middel van 'n webblad aan die kampusgemeenskap bekend gemaak. Die *LibQual Notebook*, wat die resultate van die vraelys vervat, is eweneens aan die biblioteekbestuur beskikbaar gestel vir analise en om as agtergrond te dien vir die ontwikkeling van beplanningsaksies vir 2006.

'n Gespreksessie vir biblioteekpersoneel is ook in Desember gehou om die opname-resultate te bespreek. Die sessie het waardevolle insette opgelewer wat in die Biblioteekdiens se strategiese beplanning vir 2006 ingesluit is. Verdere beplanning sluit in dat probleemareas geprioritiseer en aksieplanne opgestel sal word en dat kliënte voortdurend op hoogte gehou sal word van die aanpassings en oplossings wat op grond van die opname-resultate geïmplementeer word.

7.3 Higher Education Quality Committee (HEQC) oudit

Tydens die HEQC se ouditbesoek aan die Universiteit (9-14 Oktober) het lede van die ouditspan op Sondag 9 Oktober 'n besigtigingsbesoek aan die JS Gericke Biblioteek gebring. Hulle is deur mnr JPJ Engelbrecht ontvang wat 'n kort toer van die Biblioteek aangebied en 'n vlugtige oorsig oor die Biblioteekdiens gegee het. Statistiek is ook verskaf met betrekking tot die grootte van die versameling en boek- en tydskrifpryse en kwessies soos die rede waarom die Biblioteek ondergronds geleë is en strukturele aspekte soos waterlekasies, ensovoorts, is bespreek.

Op 12 Oktober het 'n paneel van die HEQC-span die Biblioteekdiens besoek vir 'n formele onderhoud met die Biblioteekdiensbestuur en verteenwoordigers van diensafdelings. Die drie lede van die HEQC-paneel was: dr Themba Mosia: Dekaan van Studies (Educor), prof Sibusiso Vil-Nkomo: Uitvoerende direkteur: Fondsgenerering en Internasionalisering, (Universiteit van Pretoria) en dr Prem Naidoo: Direkteur: Gehaltebevordering en Kapasiteitsontwikkeling (HEQC). 'n Verdere onderhoud is ook later dié dag met die Biblioteekkomitee gevoer.

Na afloop van die onderhoud met die Biblioteekkomitee is 'n sogenaamde *debriefing* sessie gehou om 'n evaluering te doen van die tipe vrae wat gevra is, die relevantheid van die vrae en om te bepaal of daar voldoende inligting ingesamel is om die HEQC in hul oudit te ondersteun. Die algemene indrukke wat uitgespreek is, was positief en daar was konsensus dat die onderhoud op 'n professionele wyse verloop het.

Uiteraard het die oudit in geheel 'n skerp leerkurwe vir die Biblioteekdiens ingehou en baie ervaring is in die verband opgedoen. Daar word uitgesien na die HEQC se terugvoerverslag en die aspekte daarin wat vir die Biblioteekdiens van waarde sal wees.

8. BEPLANNING EN BEMARKING

Die Afdeling Beplanning en Bemarking het gedurende 2005, deur die benutting van beskikbare en nuwe kommunikasiekanale, 'n belangrike bydrae gelewer om kommunikasie met kliënte te bevorder, die sigbaarheid van die Biblioteekdiens te verhoog en 'n professionele korporatiewe identiteit te handhaaf. Voorbeelde hiervan is, onder andere:

- Koördinerings van 'n gevarieerde program tydens Biblioteekweek (14-18 Maart) insluitend Internetvaardighede-opleiding, uitstallings, verspreiding van boekmerke, boetegrasie, ensovoorts.
- Koördinerings van 'n biblioteekprogram tydens die Universiteit se Opedag.
- Ontwikkeling van gestandaardiseerde brosjures vir vakbibliotekarisse.
- Ontwikkeling van 'n "nuusarea" op die Biblioteekdiens se webwerf.
- Ontwikkeling van 'n webblad vir die weeklikse bekendstelling van nuwe boeke.
- 'n Kwartaallikse elektroniese nuusbrieff, Bibnuus.
- Deurlopende insette en bydraes vir KampusNuus, die Matie, Maties FM, Eikestadnuus, Mymaties.com, Maties.com, en ander algemene kampusmedia.

Die afdeling was ook gedurende 2005 fundamenteel betrokke by die ontwikkeling van 'n gehalteversekeringsstelsel vir die Biblioteekdiens, die voorbereiding, bewusmaking en die uitvoer van die LibQual meningsopname (kyk paragraaf 7) asook die verwerking van die opname-resultate.

Goeie vordering is ook gemaak met betrekking tot die ontwikkeling van 'n personeelportaal en dokumentbestuurstelsel vir die Biblioteekdiens. In hierdie verband is daar met die Afdeling Informatietegnologie oorleg gepleeg oor die identifisering van 'n geskikte stelsel en daar is na deeglike oorweging op *MS Windows Sharepoint Services* besluit. Die implementering van dié stelsel word vir 2006 beplan.

9. MENSLIKE HULPBRONNE

9.1 Herstrukturering

Die Biblioteekdiens is gedurende 2005 voor die uitdaging gestel om die personeelbegroting met R3 588 929 (ongeveer 18% van die begroting) te verminder. Dit het meegebring dat 22 permanente poste en 4 ad hoc poste vir 2006 afgeskaf moes word ten einde die teiken van R15 537 535 wat vir 2006 gestel is, te haal.

Poste wat aan die begin van die proses vakant was, tydens die proses vakant geword het, natuurlike aftredes en pakketaansoeke het meegebring dat geen personeellid tydens hierdie proses uit diens gestel is nie.

Die personeelvermindingsprojek het tot gevolg gehad dat die personeelkomponent in die Biblioteekdiens verminder het van 125 permanente poste tot 103 permanente poste. In VE terme beskik die Biblioteekdiens tans oor 97.75 permanente poste.

9.2 Personeelomset

As deel van die personeelvermindingsprojek is vrywillige uitdienstredingspakkette aan personeel aangebied. Die volgende personeellede in die Biblioteekdiens het die opsie uitgeoefen en het die diens aan die einde van November verlaat:

Mev CH Williams

Mev SK Coward

Mev F Bekker

Mev M Meise

Mev EG Oosthuizen

Mnr FN Papier

Mnr D Ross

Mnr MT Syphus

Die volgende personeellede het ook gedurende die loop van die jaar uit diens getree:

Aftredes:

Mev L Kellerman (31.03.2005)

Mev MS de Villiers (31.03.2005)

Mev M Horn (31.03.2005)

Mev H Slabbert (31.03.2005)

Bedankings:

Me M Terblanche (31.08.2005)

Me M van Zyl (31.12.2005)

9.3 Nuwe aanstellings

Vanweë die personeelvermindingsproses is geen nuwe permanente aanstellings gedurende die verslagjaar gedoen nie.

9.4 Spesiale erkenning

- Me EA Nolte, Assistentdirekteur: Kliëntedienste ontvang gedurende 2005 die rektorstoekenning vir voortreflike diens.
- Me I de Lange ontvang 'n langdiens-toekenning vir 25 jaar diens aan die Universiteit.

9.5 Personeelontwikkeling

Daar is met opleiding en ontwikkelingsgeleenthede gedurende 2005 gepoog om personeel met meer en nuwe vaardighede toe te rus wat hulle in staat sal stel om die strategiese doelstellings van die Universiteit en die veranderende eise van die kliënte beter te dien. Personeellede het ook weer eens by verskeie geleenthede hul ondervinding en kundigheid met ander kollegas gedeel.

Dit is nie moontlik om van elke geleentheid verslag te doen nie en enkeles word hier uitgelig as voorbeelde van 'n baie suksesvolle jaar ten opsigte van personeelontwikkeling:

- Daar word toenemend van vak- en takbibliotekarisse verwag om opleiding in verskeie inligtingsvaardighede aan te bied. Daar is dus in die omgewing gefokus op kursusse soos: *Opleiding vir opleiers* en opleiding in 'n verskeidenheid van databasisse, byvoorbeeld: *ISI, NEXUS, Proquest, Ovi/SilverPlatter, Emerald, SABINET Legal databases* en *Westlaw*.
- Dit is ook vir die omgewing noodsaaklik om op die hoogte te wees van onderrigmetodes en 'n mini-konferensie, naamlik: *WebCT Vista en e-leer*, is bygewoon. Die belangrikheid om goeie aanbiedingstegnieke te gebruik, eie webbladsye op te stel en in stand te hou, verslag te kan doen en bestuursinligting oor uitsette te kan lewer is ook ondersteun deur kursusse soos MS Powerpoint, Webontwerp en MS Excel.
- Mee LC Schoombee en M Roux het verskeie kursusse van die Taalbuuro, byvoorbeeld: *Winning Web Texts and Web Sites* en *Writing for your reader* bygewoon. Die kennis wat hier opgedoen is, word daaglik prakties aangewend in beplanning en bemarkingsaksies van die Biblioteekdiens.
- Met die aankoop van 'n dekkende outeursreglisensie op die kampus het personeellede wat betrokke is by dienste wat hierdeur geraak word ook hul kundigheid oor die onderwerp opgeskerp by 'n paneelbespreking oor "*Copyright and Intellectual Property*".
- Vergaderings en werksessies van die *Library and Information Association of South Africa (LIASA)* is ook ywerig bygewoon:

- Drie personeellede het die agste LIASA-konferensie met die tema "*Taking libraries to the people*" in Nelspruit bygewoon, naamlik: mee LC Schoombee, J Arendse en A van Santen.
- 'n Winter Colloquium "*Gems from the electronic coal face*" aangebied deur die *Western Cape Higher Education Interest Group* is deur 5 personeellede (Mee A Maritz, M Landsberg, N Visser, T Britz en J Arendse) bygewoon. Me I van der Westhuizen, in samewerking met Me D Pretorius, het by die geleentheid 'n aanbieding getiteld "*E-referencing at Stellenbosch*" gelewer. Mee LC Schoombee en M Roux het deelgeneem aan die plakaatsessie met 'n plakkaat getiteld "*Electronic marketing of Library Services: the Stellenbosch way*".
- Mnr R Galant, I Jacobs, R Moses en E Jacobs het 'n *LIASA Support Staff* werkswinkel "*How to survive 2005 in your library*" bygewoon.
- CHEC-kursusse is ook goed bygewoon:
 - *Personal leadership, Project management en Effective communication* - Me D Pretorius
 - *Project management en Team Building* - Me A Schoeman
 - *Project Management* - Me A Maritz.

Die volgende nasionale geleenthede is bygewoon:

- *Bibliophilia Africana Conference* - Mee H Botha, L Fourie, M van der Merwe, A Schaafsma en Mnr N Hendriksz
- Die konferensie van die *South African Preservation & Conservation Group (SAPCON)* – Me M van der Merwe
- Die *Gauteng and Environs Library Consortia (GAELIC)*-simposium: *The e-services environment: changing to a higher gear* - Mee EA Nolte, D Pretorius en B Els. Me D Pretorius het by die geleentheid 'n aanbieding oor *Reference Services en e-Reference* gedoen
- *South African Health and Information Partnership (SANHIP): Annual Meeting* – Me LA Coetzee
- *SA Online Meeting* – Mnr JJ Mouton.

Ses personeellede is die geleentheid gebied om internasionale byeenkomste oorsee by te woon, naamlik:

- *Ex Libris Seminar*, Kos (Griekeland) (17-22 April) - Mr WK Klapwijk
- *North American Aleph User Group Conference*, College Park (Maryland) (5-8 Junie); *Timberline Acquisitions Conference*, Mount Hood (Oregon) (15-17 Mei) – Me I de Lange

- 71st IFLA general conference: *"Libraries: a voyage of discovery"*, Oslo (Noorweë) (14-18 Augustus) - Me EA Nolte
- 6th Northumbria International Conference on Performance Measures in Libraries and Information Services, Durham (Engeland) (22-25 Augustus) - Mnr JPJ Engelbrecht
- 9th Interlending and Document Supply International Conference, Tallinn (Estonia) (20-23 September) - Me A Schoeman
- 8th International Symposium on Electronic Theses and Dissertations, Sydney (Australië) (28-30 September) - Me B Els.

Die volgende personeellede het tydens 2005 formele kwalifikasies verwerf:

Mnr N Mostert – M.Phil

Me A van Santen – B.Phil

9.6 Prestasie-evaluering

Aangesien die werksooreenkomste vir die nuwe prestasiebestuurstelsel nog nie vir alle personeellede voltooi was nie, is die ou prestasiebeoordelingstelsel nog tot 'n groot mate in 2005 gebruik en is prestasievergoedings aan die hand daarvan bepaal.

9.6 Diversiteit

Die personeelverminderingproses wat daartoe gelei het dat geen poste gedurende 2005 gevul kon word nie, het uiteraard 'n negatiewe uitwerking op die diversiteitsteikens van die Biblioteekdiens gehad. Tans is 28% van die personeelkomponent afkomstig uit die aangewese groepe (wit vroue uitgesluit).

10. SIMPOSIUM

Die suksesvolle simposiumreeks van die Biblioteekdiens is in 2005 voortgesit met die agtste jaarlikse simposium, getiteld *"People first: How user centered are our libraries?"*

Die oorsese sprekers wat opgetree het, was Me Phyllis Spies, van OCLC in die VSA, mnr Kurt de Belder van die Universiteit van Leiden in Nederland en prof Derek Law van die Universiteit van Strathclyde in die Verenigde Koninkryk.

Die simposium is deur 120 afgevaardigdes, wat hoofsaaklik aan tersiëre instansies in Suid-Afrika verbonde is, bygewoon.

11. NASIONALE EN INTERNASIONALE SAMEWERKING

11.1 Sabinet

Die Biblioteekdiens is 'n aktiewe gebruiker van Sabinet produkte. Opleidingsessies van Sabinet is deur verskeie personeellede bygewoon en mnr JPJ Engelbrecht het die Algemene Jaarvergadering van Sabinet in Pretoria bygewoon. Mnr JJ Mouton het ook die Sabinet Client Conference in September by Club Mykonos bygewoon.

11.2 CALICO

11.2.1 CALICO Circulation Working Group (CCWG)

Samewerking tussen CALICO-biblioteke met betrekking tot bronverskaffing is in 2005 suksesvol voortgesit met aktiewe deelname aan die *CALICO Circulation Working Group (CCWG)* deur Biblioteekdienspersoneel. 'n Nuwe

Tabel 3: CALICO Besoekers / lidmaatskap	2005
Aantal besoekers van CALICO biblioteke ontvang	2344
Aantal lede van CALICO biblioteke by US aangesluit	52
Aantal items aan CALICO lede uitgeleen	2033
Aantal US kliënte wat by ander CALICO biblioteke aangesluit het	85

reëling van die werkgroep wat groot byval gevind het, was die teenwoordigheid van die CALICO-stelseladministrateurs by die vergaderings wat daartoe bygedra het dat Aleph-sirkulasieprobleme proaktief aangespreek is.

11.2.2 CALICO-koerierdiens

Die CALICO-koerierdiens het eweneens bygedra tot die effektiewe beskikbaarstelling van biblioteekmateriaal aan kliënte met 6 739 pakkies wat met behulp van die bussiediens vanaf die Biblioteekdiens versend is.

11.2.3 *Wedersydse toegangs-/uitleenooreenkoms*

Statistiek met betrekking tot die *Wedersydse toegangs-/uitleenooreenkoms* tussen CALICO-biblioteke stem ooreen met statistiek wat gedurende 2004 aangeteken is en dui op 'n groter aantal kliënte wat toegangregte as uitleenvoorregte benut.

11.2.4 CALICO Acquisitions and Serials (CAS)

Die voormalige CALICO Acquisitions Working Group is hersaamgestel om formeel ook tydskrif aankope in te sluit. Die werkgroep, wat vier tot ses keer per jaar vergader, is herdoop na CALICO Acquisitions and Serials (CAS). Die vernaamste sake wat aandag geniet, is die aankoop van biblioteekmateriaal, met die uitsondering van elektroniese bronne, asook die wyse waarop bestelfunksies deur die Aleph-biblioteekbestuurstelsel hanteer word.

11.2.5 eCALICO

Vergaderings van die CALICO elektroniese bronne werkgroep (eCALICO) is gereeld bygewoon deur mnr JJ Mouton en me M Landsberg. Mnr JJ Mouton was ook vir die tydperk 2004/2005 voorsitter van die werkgroep. By verskeie van die eCALICO-byeenkomste is verteenwoordigers van uitgewers betrek om opleiding en inligting oor nuwe produkte te verskaf. 'n Gesamentlike databasis van al die elektroniese bronne wat deur die vier instansies onderskeidelik aangekoop is, is ook gedurende die verslagjaar ontwikkel en sal voortdurend opgedateer word.

11.2.6 C-Cats

Die voormalige CALICO Regional Catalogue of Monographs Committee (RCMC) is deur die Direkteur van CALICO versoek om vanaf Mei 2005 sy vergaderings op 'n tweemaandelikse basis te hervat. Dit is gedoen en die lede het besluit om die naam na C-Cats te verander. Die werkgroep is saamgestel uit een tot twee katalogiseerders van elk van die CALICO-biblioteke, die stelselbibliotekaris van elk van die vier Universiteite, die CALICO-stelselbibliotekaris en die CALICO-direkteur. Die vernaamste sake wat aandag geniet, hou verband met die verbetering van toegang tot inligting binne CALICO en die fasilitering van die optimale benutting van die katalogiseermodule van die Aleph-bestuurstelsel.

11.3 CHELSA (Committee for Higher Education Librarians of South Africa)

Mnr JPJ Engelbrecht het die CHELSA vergadering in Nelspruit in September bygewoon.

11.4 COSALC (Coalition of South African Library Consortia)

'n Werksessie oor die maandelike herstrukturering van COSALC is gedurende April deur mnr JPJ Engelbrecht bygewoon.

12. BIBLIOTEEKKOMITEE

Die Biblioteekkomitee het gedurende 2005 bestaan uit die volgende lede:

Die Viserektor: Navorsing (Voorsitter)

Die Viserektor: Onderrig

Dr E van Harte

Prof WH van Zyl

Prof B de Villiers

Prof JH Kinghorn

Prof Y Waghid

Prof WR Gevers

Prof JE du Plessis

Prof JL van Niekerk

Prof S Klopper

Mnr JPJ Engelbrecht (Sekretaris)

SR-lid: Voorsitter, Akademiese Belangeraad

Aangesien mnr JPJ Engelbrecht in 2005 waargeneem het as Senior Direkteur: Biblioteekdienste, het me EA Nolte die rol van sekretaris vervul.

Die Komitee het op 30 Mei vergader en van die belangrikste sake op die agenda was:

- Die begroting vir biblioteekbronne en die toedelingsmeganisme
- Die personeelverminderingprojek
- Die beleid insake lidmaatskap van private tersiêre instansies

13. DOELWITTE: 2006

Die volgende strategiese doelwitte is vir 2006 geïdentifiseer:

- Hersiening and dokumentering van die Biblioteekdiens se prosesse en beleid
- Belyning/Konvergensie ten opsigte van die Universiteit se Visie 2012 en ander strategiese aktiwiteite
- Fisiese herinrigting van die Biblioteekdiens
- Gehalteversekering
- Herposisionering van Informasietegnologie-dienste by die Biblioteekdiens
- Ontwikkeling van 'n dinamiese en aktiewe personeelplan
- Koördinerings- en bestuur van projekte

- Finansies, Fondswerwing, Fondsverdeling/Toedelingsmeganisme

14. DANKBETUIGINGS

Die personeel van die Biblioteekdiens het gedurende 2005 hulle volle ondersteuning gegee aan die verwesenliking van die visie van die Biblioteekdiens en word opreg bedank vir hulle toegewydheid en volgehoue ingesteldheid daarop om 'n hoë kwaliteit diens aan alle kliënte te lewer.

'n Verdere woord van dank aan die Rektooraat, Studenteraad, Biblioteekkomitee en die dekane vir hulle deurlopende ondersteuning, goeie samewerking en waardevolle insette tot die suksesvolle bestuur van die Biblioteekdiens.